

Gestewel en gespoor

Steenkool, grys en swart bly klassiek en veeldoelig. Die jas met kunspels afgewerk, is 'n wenner. 'n Uitdaging vir die ervarenes

JAS

Benodigdhede

Pingouin Mosaic Chunky (50 g-bolle)

9(10;10) bolle Black (kleurnr. 01, A)

10(11;11) bolle Anthracite (kleurnr. 64, B)

3(3;4) bolle Beige (kleurnr. 81, C)

Pingouin Panache Mohair (50 g-bolle)

4(5;5) bolle Varié-Fumée (kleurnr. 37, D)

2(3;3) bolle Gris Perle (kleurnr. 35, E)

een paar elk 4,00 mm-Ne en 4,50 mm-Ne

een 4,50 mm-hekelpen, een 5,00 mm-N vir afhegting

1,30 m kunspels - Misty Grey nr. 356, sowat 4 knope

Afkortings op bl. 76

Mate

om borsmaat van 97(102;107) cm lossies te pas

ware grootte - 110(115;120) cm

ruglengte - 106(107;108) cm

moulengte - 54(55;56) cm

Spanning

21 ste en 22 rye = 10 x 10 cm met 4,50 mm-Ne en kontraskleur aan agterkant ingeweef. Die regte spanning is uiters belangrik; indien daar minder steke in jou toetslappie is, moet dunner, en indien te veel, dikker breinaalde gebruik word.

Let wel: Die spanning hier is ietwat stywer as wat 'n mens dit normaalweg sou verkry. Dit is spesifiek so bedoel om te verhoed dat breiwerk rek omdat die jas redelik swaar is.



Agterpant

Gebruik 4,50 mm-Ne en A, stel 106(112;116) ste op. Brei 1e ry aw met A.

Vlg (r-) ry: Brei volgens dia.

Let wel: Die dia stel net 'n gedeelte van pat voor; brei res van ry volgens pat soos reeds vasgestel. Brei 10 cm volgens dia, eindig met 'n VK-ry.

Mouvorming: Heg 6(6;7) ste af aan beg van vlg 2 rye. Brei voort volgens dia op oorbl 94(100;102) ste tot werk 31(32;33) cm lank is van beg.

Halsvorming: Brei 32(34;35) ste, draai. Brei elke skouer afsonderlik. Vermin 1 st aan beg van vlg ry en daaropvlg 2 alt rye; heg oorbl 29(31;32) ste met 5,00 mm-N af.

Let wel: Heg deurgaans met die 5,00 mm-N af. Heg middelste 30(32;32) ste af.

Voltooi halsvorming op oorbl 32(34;35) ste soos vir 1e skouer, maar met omgekeerde vorming.

Eerste voorpant

Gebruik 3,50 mm-Ne en A, stel 55(58;60) ste op, brei 1e ry aw. Beg in vlg (r-) ry brei volgens dia, tot breiwerk 10 cm lank is.

Mousgatvorming: Heg 6(6;7) ste af aan beg van vlg ry.

Brei op oorbl 49(52;53) ste tot werk 24(25;26) cm lank is.

Halsvorming: Beg aan binnekant (dws teen-oorgesteld aan mousgatvorming) van breiwerk. *Heg 4 ste af aan beg van vlg ry, brei tot einde. Brei vlg ry.* Herh nog 2 keer (dus altesaam 3 keer vermin) van * tot *.

Heg aan beg van vlg ry 2(3;3) ste af, brei tot einde.

Vermin 1 st aan beg van vlg ry (= halsrand) en daaropvlg 5 alt rye. Heg oorbl 29(31;32) ste af. Brei 2e VP op dieselfde manier, maar met omgekeerde vorming.

Moue (2)

Gebruik 4,50 mm-Ne en A, stel 86(92;96) ste op, aw 1 ry.

Brei volgens dia, brei 4 rye. Vermeer in vlg r-ry 1 st aan weersk, dan in elke daaropvlg 4e ry tot 106(112;116) ste. Brei tot mou 25(26;27) cm lank is, heg af.

Afwerking met hekelwerk

Let wel: Die gehekelde mohair-ste is breër as gebreide dele met Mosaic. Die mohair word deurgaans dubbel gebruik. Jy sal dus telkens van die gebreide ste moet oorslaan om regte spanning te verkry. Ons gee die getal brei-ste wat ons oorgeslaan het aan, maar dis slegs 'n aanduiding aangesien elke breister se spanning uniek is. As jou hekelwerk te breed is, gebruik minder hekel-ste as ons, en as dit te styf trek, meer.

Wanneer jy sykante van breiwerk omhekel, druk hekelpen in 2e st van kant om kb te maak. As jy die kbe te na aan kant hekel, sal gate in jou breiwerk vorm.


Wenk: Hekel sommer al die los stukkie breidraad met kb vas.

Skouernaat: Met 4,50 mm-hekelpen en D dubbel, hekel kb in gebreide ste. Slaan elke 5e gebreide st oor. Wanneer VP en AP se skouernate omgehekel is, plaas pante met RK na buite teen mekaar en hekel soos volg aanmekaar vas: Druk hekelpen deur albei lae, doh aan agterkant van werk, trek deur sodat daar nou 2 ste op hekelpen is, doh, trek deur (dié ste is dus nog korter as 'n kb).

Mousgat: Moenie kort sy van die L wat deur mousgatvorming geskep is, omhekel nie – dus waar jy 6(6;7) ste afgeheg het vir mousgatvorming. Beg aan mounaat, reg langs dié ste en hekel kb met D dubbel, soos vlg: *hekel 2kb in gebreide st, slaan 1 gebreide st oor, 1kb in vlg gebreide st, slaan 1 gebreide st oor*; herh van * tot * tot einde.

Hekel skouernaat van mou om. Ons het deurgaans 2kb gehekel, 1 st oorgeslaan, 3kb gehekel, 1 st oorgeslaan. Dit sal jou egter baat om eers die aantal kb op die skouernaat van VP/AP te tel, en dan te sorg dat jy presies dieselfde getal kb op mou se skouernaat hekel.

Hekel skouernate van VP/AP en mou op dieselfde wyse as wat sopas beskryf is, aan mekaar vas.



SELEUTEL

x = A
• = B
/ = C



Synate van VP/AP: Hekel VP en AP se synaat, en hekel aan mekaar vas soos hierbo beskryf. Ons het die kb soos volg geplaas: hekel 2kb, slaan 1 brei-st oor, 1kb, slaan 1 brei-st oor, ens.

Onderste deel van mou: Gebruik 4,00 mm-Ne en A, stel 36 ste op. Brei 3 rye ks met A. Beg met aw-ry.

Brei res van mou soos volg: Met D (dubbel), 2 rye r; B, 4 rye ks; E (dubbel), 2 rye r; C, 2 rye ks; D (dubbel), 2 rye r; A, 4 rye ks; E (dubbel), 2 rye r; B, 4 rye ks; D (dubbel), 2 rye r; C, 2 rye ks; D (dubbel), 2 rye r; A, 4 rye ks; E (dubbel), 2 rye r; B, 4 rye ks; D (dubbel), 2 rye r; C, 2 rye ks.

Voltooi breistuk volgens pat hierbo vasgestel tot dit 41(43;45) cm lank is vanaf beg. Let daarop dat dié deel van mou van synaat tot synaat gebrei word; lang sy is dus deel wat aan boonste deel van moudeel wat volgens dia gebrei is, vasgehekel word. Strepiesdeel van mou moet in omtrek sowat 1cm korter wees as dia-deel van mou.

Mou-afwerking

Gebruik 4,50 mm-hekelpen en D(dubbel), hekel kb om onderste deel van dia-deel van mou. Ons het elke 3e gebreide st oorgeslaan. Tel getal hekel-ste en hekel lang sy van strepiesdeel om met dieselfde aantal ste.

Wenk: Los deel van breiwerk met al die los stukkie draad vir onderkant van mou, sodat jy dit in kunspels kan vaswerk.

Knip 2 stukke kunspels, 15 cm breed en 40(42;44) cm lank. Spasieer strepiesdeel van mou sodat dit inpas op kunspels; werk met rekbare steek op naaimasjien vas. Speld mou met RK na binne vas en werk synaat van mou, insluitende kunspelsdeel, vas.

Let daarop dat boonste deel van mounaat in kort been van die L-vorm van VP en AP vasgewerk word.

Vou kunspels dubbel en werk met oorhandse stekies vas aan binnekant van mou.

Herh vir 2e mou.

Middelste deel van VP en AP

Gebruik 4,50 mm-Ne en A, stel 50 ste op. Brei 1e ry aw. Begin in 2e ry om B aan agterkant in te weef. Let daarop dat strepiesdeel vir lyf effens anders as strepiesdeel vir moue gebrei word. Dit is belangrik dat kontraskleur hier aan agterkant ingeweeft word om werk stewiger te maak sodat dit nie uitrek nie.

2e ry: r, A.

3e ry: aw, B.

4e en 5e ry: r, D.

6e ry: r, A.

7e ry: aw, B.

8e ry: r, A.

9e ry: aw, B.

10e en 11e ry: r, E.

12e tot 15e ry: Soos 6e - 9e ry.

16e en 17e ry: r, D.

18e ry: r, B.

19e ry: aw, C.

20e en 21e ry: r, E.

22e - 27e ry: Soos 12e - 17e ry.

28e - 33e ry: Soos 6e - 11e ry.

34e - 36e ry: Soos 18e en 19e ry.

37e en 38e ry: r, D.

Herh volgens pat wat nou vasgestel is tot breiwerk 112(117;122) cm lank is. Heg af met 5,00 mm-Ne.

Afwerking met kunspels

Knip stuk kunspels van 10 x 112(117;122) cm. Werk dit met 1 cm-naattoelating aan boonste dia-deel van VP/AP en onderste strepiesdeel met rekbare steek op naaimasjien vas. Strepiesdeel behoort sowat 1 cm breër te wees as dia-deel.

Spasieer gebreide dele sodat dit inpas op kunspelsdeel. Wanneer boonste en onderste deel van jas aan kunspels vasgewerk is, plaas naattoelatings aan binnekant van werk met gebreide deel na buite teen mekaar en werk naattoelatingdeel met oorhandse steek aan mekaar vas sodat pelsdeel aan buitekant van werk 'n rol' vorm.

Onderste deel van VP en AP

Gebruik 4,50 mm-Ne en A, stel 70 ste op; brei 114(119;123) cm volgens dia. Werk dié deel op dieselfde manier as hiervoor beskryf aan strepiesdeel vas met stuk kunspels van 10 cm breed en 116(121;125) cm lank tussenin.

Afwerking

Knip 2 stukke kunspels in lengte van stuk pels van 10 x sowat 110(111;112) cm - meet lengte van mousgatvorming tot onderkant van jas om presiese lengte vas te stel.

Werk met rekbare steek op naaimasjien aan twee voorpante vas, vou dubbel en werk met oorhandse ste vas.

Knip stuk van 15 x 116(121;125) cm. Werk op dieselfde manier as hiervoor beskryf aan onderkant van jas vas. Werk synate met 1 cm-naattoelating vas. Vou om en werk met oorhandse steek vas.

Knip stuk kunspels op skuinste van 74(76;78) cm. Dit moet korter wees as halsuitholling. Speld kunspels aan halsgedeelte vas (spasieer eweredig sodat dit pas), werk met rekbare steek op naaimasjien vas. Werk synate met 1 cm-naattoelating vas, vou om en werk met oorhandse steek vas.

Wenk: Om gebreide deel van hals makliker en netjieser op korter stuk kunspels in te pas, werk 2 rye rygsteek met breidraad naby halsrand en trek eweredig in tot dit so lank soos stuk kunspels is.

Werk sowat 4 knope vas aan binnekant van VP/AP waar gebreide en kunspelsdele bymekaar kom. Maak aan teenoorgestelde pant lussies met Mosaic en A. Ons het net knope tot effens onder middel aanbring om meer beweegruimte vir bene te laat, maar besluit self tot waar jy jas wil toeknoop. □

- Ontwerp en gebrei deur Carolien Saayman
Sketse en diagramme deur Pazman
Vir enige navrae oor ontwerp, bel Carolien Saayman by 083 449 0168



As jy sukkel om van die kunspels in die hande te kry, kontak Saloojee Fashions in Johannesburg by (011) 832-1904 en vra om met Jamila of Sheraaz Saloojee te praat.

